

Galasiërs 4:1-11

Vroeër slawe, maar nou kinders van God

1 Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy heer van alles; 2 maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal.

3 So was ons ook, toe ons kinders was, in diensbaarheid onder die eerste beginsels van die wêreld. 4 Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, 5 om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. 6 En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! 7 Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.

8 Maar destyds, toe julle God nie geken het nie, het julle dié gedien wat van nature geen gode is nie; 9 maar nou dat julle God ken, of liever deur God geken is, hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien? 10 Julle neem dae en maande en tye en jare waar. 11 Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het.

Inleidend

Tot dusver het Paulus vanuit verskillende hoeke die evangelie van vryheid verdedig. Hy het begin om vir die Galasiërs op hulle eie ondervinding met God Drie-enig te wys (Gal 3:1-5). Daarna het hy met verskeie aanhalings uit die Ou Testament aangetoon dat die regverdiging nog altyd deur die geloof geskied en nie deur die wet te onderhou nie (Gal 3:6-14).

In hierdie aanhalings het Paulus ook gewys op die hopeloosheid waarin die mens verkeer om deur middel van wetsonderhouding regverdiging by God te verkry. Indien 'n mens nie stiptelik alles doen wat in die wet geskryf staan nie, is jy vervloek. Dit is juis op hierdie punt wat die Here sy genade betoon het deur sy Seun as 'n vervloekte te behandel om die vloek van die gelowiges af weg te neem.

Met 'n testament as beeld het Paulus toe verduidelik dat beloftes in die verbond nie

ongedaan gemaak kan word deur die wet nie. Die wet kon ook nie die wyse waarop mense deel kry aan die beloftes verander nie (Gal 3:15-18). Die wet is egter bygevoeg vanweë die sonde van die mens. Die wet moes mense op hulle sonde wys en hulle sodoende in toom hou totdat die nakomeling op wie die beloftes betrekking het sou kom (Gal 3:19-20). Die wet en die beloftes is egter nie in stryd met mekaar nie. Die wet toon juis vir die mens aan hoe nodig 'n mens die geloof in Jesus Christus het om by God geregverdig te word (Gal 3:21-22).

Die volgende beeld wat Paulus gebruik om die funksie van die wet aan te toon is die van 'n tronk en 'n tugmeester. Die wet bewaak mense en is soos 'n tugmeester wat 'n mens na Christus toe dryf. Dit is eers wanneer 'n mens by Christus kom en in Hom glo dat 'n mens se ware identiteit na vore kom, naamlik in Christus (Gal 3:23-29).

Paulus gaan nou vir die soveelste keer die kontras teken tussen mense wat hulleself onder die wet bevind en ook daar wil bly teenoor mense wat deur die geloof in Christus regverdiging gevind het. 'n Mens sou kon vra of dit werklik nodig is om oor en oor dieselfde goed te sê. Maar dit is net deur aanhoudende herhaling dat ons mense leer en uiteindelik tot begrip van die waarheid kom.

In hierdie gedeelte sê Paulus weer wat die toestand van die mens is wat onder die wet is (Gal 4:1-3) in kontras met die toestand van die mens wat in Christus is (Gal 4:4-7). Op grond van hierdie kontras word daar 'n ernstige beroep gedoen om verantwoordelik Christelik te lewe (Gal 4:8-11).

Die toestand van die mens onder die wet – verse 1 tot 3

- 1. Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy heer van alles; maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal.**

Met 'n ander beeld gaan Paulus nog 'n keer die verskil verduidelik tussen die wet en die geloof. Hierdie keer is dit 'n beeld uit die lewensjare van 'n mens. Die woord wat ons met *kind* vertaal, wil nie soseer 'n spesifieke ouderdom van die kind aandui nie, maar eerder duidelik maak dat die kind nog minderjarig is. Met die begrippe *kind* en *erfgenaam* sluit Paulus aan by die vorige gedeel (vgl. Gal 3:26-29).

In die antieke kulture was daar 'n spesifieke ouderdom waarop 'n seun nie meer as 'n minderjarige gereken is nie maar as 'n volwassene met regte en verantwoordelikhede. In die Joodse kultuur is die twaalfde verjaardag van 'n seun sy mondigwording. Op die eerste sabbat na die twaalfde verjaardag neem die pa sy seun na die sinagoge dan word hy 'n *bar mitzvah* – 'n seun van die wet. Op hierdie ouderdom is die seun dan self verantwoordelik om gehoorsaam te wees aan die wet van God.

In die Griekse kultuur was die seun onder die vader se sorg totdat hy agtien jaar oud word. Op sy agtiende verjaardag het die seun 'n *epobas* geword – ons kan dit vertaal met 'n kadet. Vir die volgende twee jaar is die seun dan onder die sorg van die stadsregering. Tydens die *apatouria* fees is die seun se lang hare afgesny en dit is aan die gode geoffer. Dan is die seun 'n kadet en is hy nou nie meer minderjarig nie.

In die Romeinse kultuur was daar nie 'n vasgestelde ouderdom soos by die Grieke of die Jode nie. Wanneer die pa van die seun gereken het dat die seun gereed is, het die seun die *liberalia* fees in die forum bygewoon. By hierdie geleentheid het hy sy speelgoed aan Apollo geoffer, want hy is nou klaar met die kinderagtige goed. Dogters het hulle poppe aan Apollo geoffer. Dan het die seun die *toga verilis* ontvang in die plek van die *toga praetexta* wat hy vroeër gedra het.

Solank as wat die erfgenaam minderjarig is, verskil sy posisie nie werklik van 'n slaaf se posisie nie, al is hy die erfgenaam en besitter van alles. Die erfposisie is syne kragtens die belofte, maar hy kan nog nie beheer oor daardie erfposisie uitoefen solank hy minderjarig is nie.

As minderjarige erfgenaam staan die kind onder die voogde en bestuurders wat die pa aangestel het. Hierdie voogde en bestuurders was gewoonlik slawe wat die kind moes opvoed. Die *paedagogos* waarmee ons kennis gemaak het in die vorige gedeelte het die opdrag gehad om die kind te dissiplineer. Dit was sy primêre opdrag. Voogde en bestuurders het eerder die opdrag om op te voed en te versorg. As minderjarige het die erfgenaam nog nie reg om opdragte te gee nie, maar moes hy opdragte gehoorsaam en dit nog van 'n slaaf. Om hierdie rede sê Paulus dat die minderjarige erfgenaam nie in 'n beter posisie as die slaaf is nie, tot op die tyd wat die

pa bepaal het. Dit wil dan voorkom of Paulus eerder vanuit die Romeinse kultuur hierdie beeld gebruik en nie soos dit in die Griekse of Joodse kultuur gedoen is nie.

2. So was ons ook, toe ons kinders was, in diensbaarheid onder die eerste beginsels van die wêreld.

Paulus maak nou die vergelyking. Voor die koms van Christus en die geloof in Hom was mense kinders. Die *ons* in hierdie vers verwys na alle Christene – Christene uit die Jode en uit die heidene – soos uiteengesit by Galasiërs 3:23.

In die dae van die Ou Testament voordat Christus gekom het, was ons onder die wet. Ons was erfgename – erfgename van die belofte wat God aan Abraham gemaak het. Aangesien ons nog onmondige kinders was, kon ons nog nie die erfenis in besit neem nie. Ons minderjarigheid was 'n beperking.

Wat was hierdie beperking? Uit die vorige gedeelte het dit duidelik geword dat die wet ons ingesluit en in bewaring gehou het. Die wet was ons tugmeester (Gal 3:24) waarvan ons verlos moes word (Gal 4:5). Maar in hierdie vers blyk dit dat die wet gelyk gestel word aan *die eerste beginsels van die wêreld*. En in vers 9 word hierdie eerste beginsels van die wêreld swak en armoedig genoem – swak omdat die wet nie die krag het om die mens te verlos nie, en armoedig omdat dit nie die rykdom het om die mens te seën nie.

Om hierdie vers te begryp is dit nodig om te weet wat word met die *eerste beginsels van die wêreld* bedoel. Die Griekse woord *stoicheia* kan vertaal word met *element*. Hierdie woord kan verskillend verstaan word. Aan die een kant kan dit na die elementêre dinge verwys, soos die ABC wat 'n mens op skool leer. In Hebreërs 5:12 word die woord in hierdie sin gebruik. Indien Paulus dit ook so gebruik hier beteken dit dat hy die Ou Testamentiese tyd vergelyk met die grondslagfase van onderrig van God se mense. Hierdie onderrig is dan voltooi in Christus se koms.

Hierdie verstaan van die woord *stoicheia* sluit aan by Paulus se gebruik van die kind beeld. Die probleem is egter dat grondslagfase onderrig nie werklik 'n beperking is in die streng sin van die woord nie.

Aan die ander kant kan die begrip *eerste beginsels van die wêreld* verstaan word as die fisiese elemente soos in die antieke wêreld (grond, vuur, lug en water) of as die hemelse liggame (son, maan en sterre) wat 'n invloed het op die seisoenale feeste op die aarde. Dit sluit aan by wat Paulus in vers 8 sê: **Maar destyds, toe julle God nie geken het nie, het julle dié gedien wat van nature geen gode is nie** (Galasiërs 4:8 AFR53).

Die vraag is egter hoe kan daar 'n vergelyking wees tussen *onder die wet wees en om goed te dien wat van nature geen gode is nie*? Paulus maak mos nie die bewering dat die wet 'n bose uitvindsel van die Satan is nie (vgl. Rom 7:12). En in hierdie selfde brief het hy gesê dat die wet aan Moses gegee is deur God en nie die Satan nie (Gal 3:19) met goeie engele as tussengangers. Wat Paulus egter bedoel is dat die Satan dit wat goed is – die wet – gevat en dit verdraai het vir sy eie bose doel. Hy wil mense verslaaf. Net soos wat 'n tugmeester 'n kind tydens sy onvolwasse jare kan mishandel en selfs tiranniseer op maniere wat die pa nooit bedoel het toe hy die tugmeester aangestel het nie, so het die Satan die goeie wet van God uitgebuit. Met die wet is mense getiranniseer op maniere wat God nooit bedoel het nie.

God het sy wet gegee as die lewenstyl van mense wat deur Hom verlos is. Maar in die leef van die lewenstyl het die mens agtergekom hoe ver hy tekort skiet aan 'n lewe wat God behaag. God se goeie bedoeling is dat die mens sy eie tekortkominge weens sy sonde moet ontdek, sodat hy na Christus gedryf kan word. Satan gebruik egter die wet om die sonde by 'n mens bloot te lê en jou tot bedruktheid te dryf. God het die wet gegee as 'n interim fase in die regverdiging van die mens; Satan wil die wet gebruik as die finale veroordeling van die mens. God het die wet gegee as 'n trap na vryheid; Satan gebruik dit as 'n doodloopstraat, deur mense daarop te wys dat daar geen verlossing is uit hierdie gevangenis nie. Dit is inderdaad wat die Satan deur sy agente – die Fariseërs en skrifgeleerdes – met die wet gedoen is. Daarom het Jesus reguit gesê dat die Fariseërs kinders van die duiwel is (Joh 8:44-47).

God se handeling deur Christus – verse 4 tot 7

1. Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,

Paulus stel met die woord *maar* 'n duidelike kontras tussen hoe dit vroeër was en hoe dit nou is. Die mense was minderjarig en onder voogde en bestuurders tot op die tyd wat te vore deur die Vader bepaal is. Inderwaarheid was dit 'n lang tyd van minderjarigheid – een duisend drie honderd jaar. Maar toe die volheid van die tyd aangebreek het – die tyd te vore deur die Vader bepaal – het God sy Seun gestuur sodat die kinders volwassenheid kan bereik en ontvang.

Die volheid van die tyd beklemtoon dat die koms van die Seun van God presies op die tyd plaasgevind het wat die Vader bepaal het. Dit is nie te vroeg of te laat nie. Daar is verskeie faktore wat bydra tot die feit dat die tyd van die koms van die Seun beskryf word as die volheid van die tyd.

Sedert die Babiloniese ballingskap het Israel hulle rug heeltemal op die afgode gedraai. In die tyd van Esra en Nehemia het die volk al meer en meer erns gemaak met die wet van die Here. Nehemia het selfs die vroue uit vreemde volke weggestuur uit Jerusalem uit (Neh 13:23-31). John MacArthur merk op dat dit ook in die tyd na die ballingskap was dat sinagoges oral waar gemeenskappe van Jode was tot stand gekom het. Met die geboorte van Christus was daar oral in die bekende wêreld sinagoges waar Jode gereeld vergader het om onderrig uit die Woord van God te ontvang.

Teen die tyd van Christus se geboorte was die kanon van die Ou Testament soos wat ons dit vandag ken reeds vasgestel. Na die Babiloniese ballingskap is daar begin om al die boeke van die Ou Testament bymekaar te maak en in een bundel saam te vat, sodat daar teen die aanbreek van die Nuwe Testamentiese tyd die Ou Testament oral deur al die Jode as die kanon erken is. Die Ou Testament is dan die gemeenskaplike grond van waaruit die evangelie oral aan die Jode bedien kon word.

Die wet wat na die belofte bygevoeg is weens die sonde van die mens het nou sy werk gedoen. Dit het die mense voorberei vir die koms van Christus deur die mense

in bewaring en ingesluit te hou. Die wet het mense laat uitsien na die koms van Christus wat hulle kon vrymaak van die gevangenskap van die wet.

Godsdienstig was dit nie net die Jode wat voorberei is deur God vir die koms van sy Seun nie, maar ook die heidene. Die gode van die Romeine en Grieke het al meer en meer hulle aansien onder die mense verloor. Oral in die bekende wêreld het mense verlang na 'n godsdiens wat eg en bevredigend is. Dus het God ook die harte van die heidene voorberei vir die koms van sy Seun.

Ander faktore is die een wêreld taal – Grieks – wat die Here deur Alexander die Grote gevestig het. Daar was dus geen taal hindernisse nie. Verder het die Here die wêreld voorberei deur die Romeine. In die hele bekende wêreld het die *Pax Romana* geheers – die Vrede van Rome. Daar was goeie paaie wat reis en vervoer vir die verkondigers van die evangelie dit vergemaklik het. Die regte tyd soos deur die Vader bepaal, het aangebreek vir die koms van sy Seun.

In die res van vers 4 maak die Heilige Gees dit aan ons duidelik dat Jesus Christus ten opsigte van alles kwalifiseer om mense te verlos van die slawerny en om hulle kinders van God te maak. Hy is die Seun van God wat deur God uitgestuur is. Jesus Christus is die ewige Seun van God. Dit is die eerste vereiste vir die Verlosser. Net God self is in staat om God se straf op die sonde te kan dra. Geen skepsel kan die straf van God dra en ander mense van die oordeel verlos nie.

Maar die Verlosser is nie net God nie. Hy is tegelykertyd ook 'n ware mens. God het sy Seun uitgestuur en Hy is gebore uit 'n vrou soos enige ander mens op aarde. Die Verlosser moet 'n ware mens wees, want die mens het gesondig en die mens moet die straf op die sonde dra.

Daarby is Hy ook nog onder die wet gebore. Die Seun van God het mens geword uit 'n Joodse vrou onder die Joodse wet. Christus het al die bepalings van die wet van sy geboorte af nagekom. Sy ouers moes vir Hom 'n reinigingsoffer bring. Hy is besny soos alle Joodse seuntjies. Daarby het Hy ook nog die wet volmaak vervul. Hy het gedoen wat geen mens voor Hom of na Hom in staat was om te doen nie – Hy het stiptelik alles gedoen wat in die wet geskryf staan. Dus is die Verlosser,

Jesus Christus, nie net ware God en ware mens nie, maar Hy is ook 'n regverdige mens – 'n mens sonder sonde. En hierdie drie vereistes waar aan Jesus voldoen, kwalifiseer Hom om die Verlosser van mense te wees.

2. om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.

Die doel waarvoor God sy Seun uitgestuur het, Hom uit 'n vrou gebore laat word en Hom onder die wet gebore laat word, is om die mense wat onder die wet is, los te koop. Die beeld wat met hierdie woorde opgeroep word, is: 'n welgestelde man wat na die slawemark gaan en daar iemand wat as slaaf te koop aangebied word, koop teen die vasgestelde prys. Nadat hy die volle prys betaal het vir die slaaf, stel hy die slaaf vry.

In die regsisteem van die Grieks-Romeinse wêreld was dit praktyk. 'n Welgestelde kinderlose man het na die slawemark gegaan en daar vir hom 'n slaaf gekoop. By die huis stel hy die slaaf dan vry. Dan is die persoon nie meer 'n slaaf nie, maar word hy deur die man aangeneem as sy kind. Om 'n kind te hê was dan die rede waarom hy die persoon as slaaf aangekoop het en vrygestel het.

Kragtens die wet was ons almal skuldig en deur die wet gevange gehou vir die vonnis wat voltrek moes word. Ons was slawe van die sonde. Christus het in hierdie wêreld ingekom om ons los te koop van die slawerny aan die sonde. Die wyse waarop Hy ons losgekoop het, word nie hier genoem nie, maar is reeds genoem in Galasiërs 1:4 en 3:13. Hier word alleenlik beklemtoon dat Christus die volle prys betaal het vir ons wat slawe was, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.

Ons wat slawe was, word verhoog tot volle deelname in die huishouding van God. Aan ons word dieselfde voorregte en verantwoordelikhede gegee wat die eie geliefde Seun van God het. Ons mag onself kinders van God noem.

David Guzik wys op die woord *ontvang*. Ons ontvang die aanneming tot kinders, ons word nie herstel as kinders nie. Wanneer God ons tot kinders aanneem, word ons nie herstel tot dit wat Adam was voor die sondeval nie. Ons ontvang die aanneming tot kinders wat Adam voor die sondeval nie geken het nie.

3. En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!

Deur die werk van die Seun wat uitgestuur is deur die Vader – sy loskoop van ons wat onder die wet was – het ons status verander van slawe na kinders. Deur Christus is ons kindskap van God bevestig. Dit kan nie verander word nie. Iemand wat een keer 'n kind van God gemaak is deur Jesus Christus kan nie ophou om 'n kind van God te wees nie.

Dit was egter nie net God se doel om ons kindskap van Hom te bevestig nie. Hy wil aan ons ook die innerlike versekering gee. Daarom het Hy die Gees van sy Seun uitgestuur in ons harte in. Dit is deur die werking van die Gees van die Seun dat ons die innerlike belewenis het dat ons werklik kinders van God is. Hierdie innerlike belewenis word voelbaar, hoorbaar en sigbaar in die wyse waarop ons tot God in gebed uitroep: Abba, Vader!

Die Gees van die Seun is die Heilige Gees. Die Heilige Gees gaan dus van die Vader sowel as van die Seun uit. Christus is die eniggebore Seun van God en Hy het die Heilige Gees in Hom. Tussen Hom en die Vader is daar 'n besondere en ewige intieme band van Vader – Seun. Omdat Christus ons losgekoop het om kinders van God te wees, stuur God die Gees van sy Seun in ons harte in, sodat ons ook hierdie besondere intieme band met God mag hê van Vader – kinders.

Die enigste vereiste vir die ontvangs van die Heilige Gees is om kind van God te wees. Daar is nie 'n klomp dinge wat die mens eers moet doen voordat hy die Heilige Gees kan ontvang nie. Die enigste vereiste is om kind van God te wees en dit kan die mens nie self veroorsaak nie. Die Seun van God het dit bewerkstellig en om die mens te verseker dat Christus dit ook vir hom bewerkstellig het, stuur God die Gees van sy Seun in die hart van die mens in.

Tussen die mens en God kom daar hierdie baie intieme verhouding tot stand – 'n soortgelyke verhouding as wat Jesus Christus met God het, naamlik Vader en kind. Die Heilige Gees laat die mens tot God uitroep: Abba, Vader!. Abba is die intieme wyse waarop 'n klein kindjie in die huis sy pa sou aanspreek in die Aramese taal. Dit is die taal wat Jesus ook onder die Jode gepraat het. En dit is hoe Jesus sy Vader in

die benoudste oomblik in sy lewe op aarde aangeriep het in Getsemane (Mark 14:36). Die groot voorreg wat die mens kry wat 'n kind van God mag wees, is dat hy op dieselfde intieme vlak met die almagtig God gebring word deur die Heilige Gees as wat Jesus met sy Vader is.

4. Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.

Die gevolg daarvan om kind van God te wees en die Gees van Christus in jou te hê wat in jou uitroep: Abba, Vader, is twee dinge. Die Christen is nie meer 'n dienskneg nie, maar 'n kind. Dit wat vroeër was, is verby. Die gevange wees onder die wet en ingesluit daarin is verby omdat Christus ons losgekoop het. En as 'n mens eers kind van God is, kan dit nie weer verander nie. 'n Kind van God sal nie weer 'n dienskneg word nie.

Jesus illustreer dit met die gelykenis van die verlore seun. Toe die seun tot inkeer gekom het, wou hy hê dat sy pa hom as dienskneg sal terugontvang. Sy pa het dit egter geweier, want hy is sy seun en hy sal hom as sy seun terugontvang.

Die tweede gevolg is dat die Christen ook 'n erfgenaam is. Die oorfloed en rykdom van die verlossing deur Jesus Christus het inderdaad geen perke nie. Eers is die mens 'n slaaf. Dan word hy deur die verlossingswerk van Christus vrygemaak. En nadat hy vrygemaak is, word hy deur God aangeneem as kind van God. So 'n aangename kind is nie 'n stiefkind nie, maar eie kind van God. Daarom word hy ook 'n erfgenaam gemaak.

As Christene erf ons nie aardse rykdom nie. Die kind van God is erfgenaam van God deur Christus. God self is die Christen se erfporse. Hierdie erfenis gaan terug op die belofte wat God aan Abraham gemaak het toe Hy die verbond met Abraham gesluit het (Gen 15). Die psalmdigter sing daarvan in Psalm 16. Om God as jou erfenis te hê, maak van jou die rykste mens denkbaar, want aan God behoort alles.

Hierdie erfenis is alleenlik deur Christus moontlik. Christus het ons van die slawerny verlos. Sy prys aan die kruis verseker dat ons kinders van God mag wees. Sy Gees gee aan ons die versekering dat ons regtig kinders van God is. En die feit dat ons as

kinders ook erfgename van God is, is te danke aan Christus se ewige Kindskap van God. In Christus het Christene nou die geboortereg om erfgenaam van God te wees. Niemand werk om 'n erfgenaam te word nie. Weens jou geboorte is jy 'n erfgenaam. En aan jou geboorte het jy niks gedoen nie. Dit is God se werk deur Jesus Christus en sy Gees alleen.

Paulus se appèl op die Galasiërs – verse 8 tot 11

1. Maar destyds, toe julle God nie geken het nie, het julle dié gedien wat van nature geen gode is nie;

Paulus gaan voort met die kontrasterende tema van wat vroeër was voor die koms van Christus en wat nou gebeur het na die koms van Christus. In plaas daarvan om na die Jode en alle Christene se omstandighede te verwys, gaan dit nou oor die kontrasterende omstandighede van die Galasiërs self.

Daar was 'n stadium in die lewe van die Galasiërs dat hulle God nie geken het nie. Hulle het inderdaad die algemene kennis gehad dat daar 'n God moet wees wat hulle geskep het. Uit sy werke van krag weet alle mense dat God bestaan (Rom 1:20), maar hulle het God destyds nie geken as die enigste almagtige God nie. Hulle het ook nie geweet hoe hulle in genade deur God aangeneem sal word nie, want van Jesus Christus en sy offer aan die kruis het hulle niks geweet nie. Hierdie kennis van God en sy Seun kry 'n mens nie deur middel van die algemene openbaring nie. God self moet hierdie dinge aan 'n mens openbaar.

Omdat hulle net 'n algemene kennis gehad van die bestaan van God, het hulle goed gedien wat van nature geen gode is nie. In die Grieks-Romeinse samelewing is die verbeeldingsvlugte van mense verhef tot die status van gode – gode met tipies menslike geaardhede en begeertes. En aan hierdie goed was hulle verslaaf, want hulle moes die goed die heelyd paai en tevrede hou ooreenkomstig hulle eie verbeeldingsvlugte. Inderwaarheid is dit 'n lewenstyl van onsekerheid, want jy dink maar dat jy die sogenaamde gode nou genoeg gepaai het totdat die volgende ramp jou tref.

Maar die Here was die Galasiërs genadig. Hy het vir Paulus en Barnabas as

verkondigers van die evangelie na hulle gestuur.

2. maar nou dat julle God ken, of liever deur God geken is, hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien?

Die kennis van God maak die groot verskil in 'n mens se lewe. Vroeër toe die Galasiërs God nie geken het nie, het hulle goed gedien wat van nature nie gode is nie. Maar nou ken hulle God. Ons kindskap bestaan daarin dat ons God ken. Hierdie is daardie persoonlike en intieme kennis van God waarvan Jesus in sy gebed in Johannes 17:3 praat.

Wanneer Paulus sê **of liever deur God geken is** maak hy 'n baie belangrike stelling. Die inisiatief om God te ken, gaan van God af uit. Hy maak Homself aan ons bekend deurdat Hy Homself aan ons openbaar. Dit is egter uiters belangriker dat God ons - intiem ken en aanvaar – as wat ons Hom ken. Onthou daardie verskriklike woorde van die Here Jesus wat Hy aan die einde van die dae sal sê: **Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!** (Matteus 7:21-23 AFR53).

Die verstommende is dat die Galasiërs agter die valse leraars aan hulle kindskap en erfgenaam wees van God wil verruil om weer slawe te word van die swakke en armoedige eerste beginsels wat hulle van vooraf aan wil dien. Dit is net so goed soos iemand wat uit die tronk vrygelaat is omdat iemand anders die prys vir hom betaal het, maar in plaas daarvan om die vryheid te omhels en te geniet, kies hy om terug te gaan tronk toe.

Met hierdie laaste woorde in vers 9 keer Paulus terug na dit wat hy reeds in vers 3 gesê het. Deurdat die Galasiërs agter die valse leraars aangaan, keer hulle inderwaarheid terug na die boosheid om jou eie pad na God se guns toe te wil oopwerk. Dit is die Satan se verdraaiing van die goeie wet van God. En hierdie

manier van lewe is swak, want dit kan nie verlos nie; en dit is armoedig wat dit kan nie die rykdom van seën skenk nie. Alhoewel die Galasiërs nie terugkeer na hulle sogenaamde afgode toe nie, keer hulle terug na dit wat net soos hulle vroeëre lewe lyk – hulle wil met hulle werke die verlossing by God verdien. Alle heidense godsdiens probeer om die guns van hulle gode te wen. Die valse leraars probeer ook met die wetsonderhouding die guns van God wen. Dit bly swak en armoedige eerste beginsels wat nie werk nie.

3. Julle neem dae en maande en tye en jare waar.

Die valse leraars wat van Joodse afkoms is, het die Galasiërs geleer om dae en maande en tye en jare te onderhou. Hulle het die hele wet aan die Galasiërs opgedring as die wyse om hulle verlossing en regverdiging te verseker. Deur middel van hierdie wettiese godsdiens sou die Galasiërs dan op 'n hoër vlak in hulle verhouding met God gekom het. Die teendeel gebeur egter. In plaas daarvan dat 'n mens nader aan die Here leef, word jy 'n slaaf van 'n wettiese goddiens. Jy moet alles presies net so doen anders is jou verhouding met God in gedrang. En later word dit 'n bloot formalistiese godsdiens.

David Guzik haal die volgende woorde van Calvyn aan: Wanneer sekere dae as heilig in hulleself voorgehou word, wanneer een dag van ander dae onderskei word op grond van godsdienstige redes, wanneer heilige dae gesien word as deel van die aanbidding van God, word daardie dae onbehoorlik onderhou.

Dit beteken egter nie dat 'n mens nie 'n dag spesiaal vir eredienste uithou nie. Dit gaan oor hoe onderhou 'n mens so 'n dag. Indien dit gehou word om jou verlossing by God te verdien, is dit beter om maar eerder daardie dag te laat vaar. Deur die bloed van Christus is ons in 'n verhouding met God. Deur die geloof in Christus is ons geregverdig. Daarom is die elke dag belangrik om in hierdie verhouding met God te lewe en Sondae is die spesiale dag waarop ons met die Here en Hy met ons 'n "kuier" afspraak het. En vir hulle vir wie die verhouding met die Here belangrik is, sal hierdie afspraak nie wil misloop nie.

4. Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het.

Juis hierdie optrede van die Galasiërs het vir Paulus hartseer besorg. Hy vrees dat

al die tyd en moeite wat hy tot dusver met hulle gehad het puur verniet was. Dit lyk asof hy nou alles van vooraf weer moet begin doen onder hulle, want hulle het die vryheid wat Christus hulle geskenk het ingeruil vir slawerny onder die wet.

Die woorde van die verlore seun is vir ons goed wanneer hy vir sy pa sê: Ek is nie meer langer werd om u seun genoem te word nie, behandel my soos een van pa se slawe. Maar dit is onnosel om te sê: U het my 'n seun van u gemaak, maar ek sal liever 'n slaaf wil wees. Om te sê: Ek is nie werd nie, is heeltemal anders as om te sê: Ek wil dit nie wees nie, ek verkies om eerder 'n slaaf as 'n seun te wees. En dit is juis wat die valse leraars aan die Galasiërs kom leer het en hulle het daarvoor geval.

Galasiërs 4:12-20

Totdat Christus in julle gestalte kry

12 Broeders, ek bid julle, word soos ek, want ek is ook soos julle. Julle het my geen onreg aangedoen nie; 13 maar julle weet dat ek ten gevolge van krankheid van die vlees die eerste keer die evangelie aan julle verkondig het; 14 en julle het my beproewing in my vlees nie verag of verfoei nie, maar julle het my ontvang as 'n engel van God, ja, as Christus Jesus. 15 Wat was dan julle saligprysing? Want ek getuig van julle dat julle, as dit moontlik was, jul oë uitgegrawe en vir my sou gegee het. 16 Het ek dan julle vyand geword deur julle die waarheid te vertel?

17 Hulle ywer vir julle is nie goed nie, maar hulle wil ons buitersluit, sodat julle vir hulle kan ywer. 18 Dit is goed as daar altyd geywer word in 'n goeie saak en nie alleen wanneer ek by julle teenwoordig is nie, 19 my kinders, vir wie ek weer in barensnood is totdat Christus in julle 'n gestalte verkry. 20 En ek sou wens om nou by julle teenwoordig te wees en my stem te verander, want ek is buite raad met julle.

Inleidend

Ons het Paulus in die brief aan die Galasiërs leer ken as die apostel wat regtig die verkondiging van die suiwere leer baie ernstig ter harte neem. Die Here het aan hom verstandelike vermoëns gegee en die onderrig in die Ou Testament as Fariseër, sodat hy met weldeurdagte argumente die leer kan uiteensit. Ons het hom as 'n teoloog leer ken en hy het die een stelling na die ander met grondige eksegeese van die Ou Testament beredeneer.

Maar Paulus is as apostel nie net 'n akademiese teoloog nie. Hy is ook 'n pastor – 'n herder vir die kerke wat die Here tot stand gebring het deur middel van sy prediking van die evangelie. In hierdie paragraaf hoor ons hoe Paulus se hart vir hierdie kerke klop. Dit is die tweede keer wat hy die Galasiërs as *broers* aanspreek (vgl. Gal 3:15). Maar nou gaan hy verder om hulle ook as *my kinders* aan te spreek (Gal 4:19). Dit wat Paulus beleef vergelyk hy met 'n moeder se besorgdheid en pyn vir haar kinders.

In hierdie verse sien ons vier kenmerke van Paulus se houding teenoor die Galasiërs: die appèl wat hy op hulle maak, sy herinnering aan hulle, sy waarskuwing

aan hulle en sy begeerte vir hulle.

Paulus se appèl – vers 12a

3. Broeders, ek bid julle, word soos ek, want ek is ook soos julle.

In hierdie woorde maak Paulus sy hart vir die Galasiërs oop. Hy is werklik in die diepte van sy hart oor hulle besorg (vgl. Rom 9:1 e.v. en 10:1). Paulus vra hulle baie mooi – hy smeek hulle.

Hulle moet word soos wat hy is. Paulus het homself nie sondeloos geag nie. Inteendeel, in Romeine 7 sê hy baie eerlik hoe dit met hom gesteld is. Hy is steeds 'n sondaar en geneig tot die sonde. Maar hy is vry van die verslawing aan die wet. Hy vind sy vryheid in Jesus Christus alleen. Net Christus kan 'n mens van die sonde verlos waarvan 'n mens deur die wet oortuig geraak het. Paulus vind dus al sy vreugde en vryheid in Christus. En dit is in hierdie opsig wat Paulus wil hê dat die Galasiërs soos hy sal word.

Aan die Filippense het hy ook geskryf: **Wees ook my navolgers, broeders, en let op die wat so wandel soos julle ons tot voorbeeld het** (Filippense 3:17 AFR53), en: **En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees** (Filippense 4:9 AFR53).

En toe Paulus voor Agrippa verskyn het, het die koning vir Paulus gesê: **Jy beweeg my byna om 'n Christen te word** (Handelinge 26:28 AFR53). Daarop het Paulus gesê: **Ek sou wel God wil bid dat sowel byna as heeltemal nie alleen u nie, maar ook almal wat my vandag aanhoor, so mag word soos ek is, buiten hierdie boeie** (Handelinge 26:29 AFR53).

Konsekwent is dit Paulus se begeerte dat die mense wat hom hoor van Christus preek tog Christene sal word soos wat hy 'n Christen is. Die vryheid, volheid en vreugde wat Paulus in Christus beleef het, wil hy nie alleen beleef dit. Dit is so aangenaam dat hy graag wil hê ander moet ook daarin deel.

Die rede waarom Paulus hulle smeek om soos hy te word, is omdat hy soos hulle

geword het. Toe Hy hulle die eerste maal besoek het, het hy nie op sy afkoms en sy godsdienstigheid as 'n Jood gehamer nie. Hy was immers in Christus vry van die wet en die wettiese godsdienstige reëls. Daarom het hy nie teruggedeins om met hulle wat heidene was te meng nie. Hy was by hulle aan't huis. Hy het geëet wat hulle geëet het. In die algemene kultuur van die heidene het Paulus homself tuis gevoel.

Die beginsel wat 1 Korintiërs 9:20-22 uiteensit het hy in praktyk by die Galasiërs toegepas. Hy het hom met hulle vereenselwig en die evangelie van Jesus Christus aan hulle gebring, sodat hulle ook die vreugde en blydschap van verlossing in Jesus Christus mag smaak. En hulle het. Hulle het deur die werking van die Heilige Gees tot geloof gekom in Jesus Christus.

Maar deur die beïnvloeding van die valse leraars het die Galasiërs nou begin word wat Paulus vroeër was – onder die wet – en waarvan hy in Christus vrygekome het. Inderwaarheid het die Galasiërs nou teruggeval in dit waar Paulus was en hy wil hê hulle moet nou daaruit kom. Hulle moet word wat Paulus is – 'n Christen wat sy lewe in Jesus Christus alleen vind en nie in die soeke daarna deur die wet te onderhou nie.

Die Galasiërs se houding teenoor Paulus – verse 12b tot 16

1. Julle het my geen onreg aangedoen nie; maar julle weet dat ek ten gevolge van krankheid van die vlees die eerste keer die evangelie aan julle verkondig het;

Paulus herinner die Galasiërs dat hy soos hulle geword het. Hy het nie met allerhande Joodse gebruike na hulle toe gekom nie. Hy het soos hulle gelewe, saam met hulle gelewe. Hy is vry van die wettiese voorskrifte, want sy lewe is in Christus geborge.

En die Galasiërs het hom geen onreg aangedoen nie. Intendeel, hulle het hom hartlik ontvang. Dit was die Jode en diegene wat die Joodse geloof aangeneem het wat Paulus en Barnabas teengestaan het, maar die heidene wat Paulus gehoor het, was gretig om nog meer van die evangelie te leer (Hand 13:42-52). As daar dan

iemand is wat onreg gepleeg het, was dit nie die Galasiërs nie, maar die Jode in Galasië. Met hierdie woorde begin Paulus dan om die optrede van die Galasiërs teenoor hom in herinnering te roep.

Paulus het die Galasiërs die eerste keer besoek omdat hy siek geword het. Wat hierdie siekte was wat veroorsaak het dat Paulus Galasië toe is, is moeilik om te bepaal. Sommige meen dat hy malaria gekry het toe hy deur die moerasagtige dele van Pamfilië gereis het. Daarom het hy so gou as moontlik na 'n hoër gebied gegaan – na Antiogië in Pisidië. Dit is egter maar net 'n raaskoot en uiteindelik maak dit nie regtig saak watter siekte Paulus onder lede gehad het nie.

Wat belangrik is, is om agter hierdie siekte die hand van die Here raak te sien. Deur middel van die siekte wat die Here in Paulus se lewe beskik het, het Hy genade aan die Galasiërs bewys deur sy verkondiger juis toe na hulle toe te stuur met die goeie boodskap. As gevolg van die siekte wat Paulus onder lede gehad het, moes hy na Galasië gaan en daar het hy die geleentheid wat die Here gegee het gebruik om die evangelie van Jesus Christus aan die mense in Galasië te bring.

2. en julle het my beproewing in my vlees nie verag of verfoei nie, maar julle het my ontvang as 'n engel van God, ja, as Christus Jesus.

Wat die siekte ook al was wat Paulus geteister het, dit was vir homself 'n beproewing. Ons hoor hoe dit hom beproef het in 2 Korintiërs 12, indien die doring in die vlees dieselfde is as hierdie siekte wat hy onder lede gehad het. Maar die siekte was nie net vir hom 'n beproewing nie. Dit was ook 'n beproewing vir die Galasiërs.

Wat word daarmee bedoel? Jode sowel as heidene het in daardie tyd siekte gesien as die straf van God. Dit beteken dat iemand wat siek is eintlik nie die guns van God geniet nie. So het Job se drie vriende geredeneer oor die siekte en ongeluk wat Job getref het. So het die dissipels geredeneer toe hulle die man teëkom wat van sy geboorte af blind was (Joh 9:1-12). Heidene het ook die ongeluk wat iemand tref toegeskryf aan die onguns van die gode. Toe die slang vir Paulus gepik het, het hulle dadelik gesê dat die gode Paulus straf oor iets wat hy gedoen het (Hand 28:4).

Vir die Galasiërs sou dit dus heel logies gewees het om Paulus te verag en te verfoei oor die siekte wat hy gehad het. Maar hulle het hulle eie verstaan van die omgang tussen hulle gode en die mense een kant toe geskuif en Paulus eerder ontvang as 'n engel van God, ja, as Jesus Christus self.

Paulus stel homself geensins op gelyke voet met Jesus Christus of met een van die heilige engele van God nie. Inteendeel, hy sien homself nog as 'n sondaar en selfs as een van die grootste sondaars wat gelewe het (1 Tim 1:15). Tog is hy 'n apostel van Jesus Christus en van God die Vader en Christus het hom uitgestuur met die goeie boodskap. Dus as boodskapper van God en van Christus was die Galasiërs reg om hom as 'n engel van God te ontvang, aangesien engele boodskappers van God is. En Jesus het self gesê: **Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het** (Matteus 10:40 AFR53). Dus was die Galasiërs ook nie hier verkeerd om Paulus as Jesus Christus te ontvang nie.

Toe die mense van Listra egter vir Paulus en Barnabas as gode geëer het nadat Paulus die kreupel man genees het, het Paulus hulle ernstig aangespreek en gesê dat hulle net mense is soos hulle (Hand 14:12-17). Paulus het dus nie goddelike eer gesoek nie. Hy het eenvoudig die opdrag uitgevoer wat hy van Christus ontvang het.

3. Wat was dan julle saligprysing? Want ek getuig van julle dat julle, as dit moontlik was, jul oë uitgegrawe en vir my sou gegee het.

In sy omgang met die Galasiërs was dit duidelik dat Paulus soos een van hulle geword het. Hy het hom nie vasgeklem aan Joodse gebruike en daarop gestaan dat hy beter as hulle is omdat hy 'n Jood is nie. Hy het ten volle met hulle saamgelewe.

Dit is ook moontlik dat dit glad nie deel van Paulus se beplanning was om na Galasië te gaan nie. Hy sê immers dat hy by hulle die eerste maal uitgekom het omdat hy siek was. Vanuit 'n menslike oogpunt gesien was dit maar terloops dat Paulus by hierdie mense uitgekom het.

En juis sy siekte sou vir hulle as heidene genoeg rede gewees het om niks met Paulus te doen te hê nie. Maar in plaas daarvan het hulle hom as 'n engel van God

ontvang. Hulle het regtig hoë agting vir Paulus gehad. Daarom vra hy wat het nou van al daardie blydschap en vreugde geword? Dit kon tog nie net vertoon gewees het nie. Paulus is van beter oortuig as dit, want hy ken hierdie Christene persoonlik. Hy weet wat hulle gedoen het.

Hulle sou selfs hulle oë uitgegrawe het en vir hom gegee het as dit moontlik was. Uit hierdie opmerking kan 'n mens aflei dat Paulus se siekte met sy oë te doen gehad het. Dit is moontlik die doring in sy vlees gewees (2 Kor 12), maar dit is net 'n afleiding na aanleiding van ander verwysings wat ook daarop dui dat hy oogprobleme gehad het (Gal 6:11). Daar is ook 'n verband tussen malaria wat Paulus moontlik gehad het (vgl. vers 13 hierbo) en oogprobleme. Malaria wat nie behandel is nie, kon tot oogprobleme lei.

Afgesien van die moontlikhede wat maar net raaiskote is, is dit duidelik dat die Galasiërs wat sou wou gee om vir Paulus te help. Die vreugde en die blydschap wat hulle gehad het oor Paulus was dus eg. Dit was nie maar net vertoon nie. Daarom is die vraag aan die begin van vers 15 nie maar net 'n soeke na inligting nie. Dit is 'n vraag wat met trane gevra is. Het julle dan die goeie tye wat ons saam gehad het, vergeet? Het alles wat tussen ons gebeur het dan geen betekenis meer vir julle nie? Hierdie emosionele vrae is nie bedoel om op die Galasiërs se gevoelens te speel nie. Dit is egte pastorale vrae, want Paulus is tot die uiterste besorg oor die Galasiërs, soos wat 'n pa besorg is oor sy eie kinders.

4. Het ek dan julle vyand geword deur julle die waarheid te vertel?

In sy herinnering oor hoe die Galasiërs hom ontvang het, het Paulus gewys op die goeie tye wat hulle saam gehad het. Daar was vreugde en blydschap oor die nuwe lewe in Christus. Maar daar het 'n verandering gekom by die Galasiërs in hulle houding teenoor Paulus. Die vriendelikheid en blydschap om van hom te hoor het plek gemaak vir 'n gevoel vyandigheid teenoor Paulus. En die oorsaak van hierdie vyandigheid was omdat Paulus die waarheid aan hulle vertel het.

Solank as wat Paulus met hulle gepraat het oor die dinge wat hulle besef hulle nodig het, het hulle graag sy gesag as apostel erken. Hulle het graag na hom geluister. Maar toe hy hulle begin vermaan omdat hulle die evangelie van God se genade in

Jesus Christus verruil het vir die slawerny van die valse leraars se wettiese godsdiens, was hulle nie meer so geneë om na Paulus te luister nie. Hy praat dan nou oor dinge wat hulle nie graag wil hoor nie.

'n Apostel se gesag hou nie op wanneer oor onpopulêre waarhede begin praat nie. Ons moenie selektief wees wanneer ons die leer van die apostels in die Nuwe Testament lees nie. 'n Apostel bly 'n apostel solank as wat hy die waarheid van Jesus Christus in elke denkbare saak verkondig, of ons nou van die waarheid hou of nie.

Paulus se houding teenoor die Galasiërs – verse 17 tot 20

1. Hulle ywer vir julle is nie goed nie, maar hulle wil ons buitesluit, sodat julle vir hulle kan ywer.

Paulus is nie die vyand wat die Galasiërs nou van hom maak nie. Sy houding teenoor hulle toe hy die eerste keer by hulle was het nie verander nie. Wanneer Paulus dan begin om vir die Galasiërs van sy houding teenoor hulle te vertel, sê hy eers vir hulle baie duidelik wat die valse leraars se houding teenoor hulle werklik is.

Dit is waar, en Paulus erken dit, dat die valse leraars regtig met groot ywer rondom die Galasiërs kloop. Hulle het met groot vriendelikheid en baie liefde na die Galasiërs gekom. In die valse leraars se aanvanklike optrede teenoor die Galasiërs was daar niks waaroor die Galasiërs ongemaklik gevoel het nie. Om die waarheid te sê, die valse leraars het oorgeloop van vriendelikheid en liefde. Hulle het die Galasiërs aangetrek en tuis laat voel. Hierdie aanvanklike optrede van die valse leraars sou so te sê met die aanvanklike optrede van Paulus ooreengestem het.

Maar Paulus is reguit omdat hy die taktiek van die valse leraars ken en weet wat die uiteinde van hulle gekloop is. Hy sê die ywer wat die valse leraars vir die Galasiërs het, is nie goed nie. Die valse leraars is baie vriendelik en goed en gaaf, maar hulle oogmerk is om julle uitgesluit te kry. In die 53 Afrikaanse vertaling staan daar vertaal dat die valse leraars vir Paulus-hulle wil uitsluit of buitesluit. Die Griekse teks sê egter dat die valse leraars daarop uit is om die Galasiërs buite te sluit.

Wat bedoel Paulus as hy sê dat die valse leraars die Galasiërs wil buitesluit? Die valse leraars wil die Galasiërs van Paulus isoleer, daarom het hulle probeer om die apostoliese gesag van Paulus en die evangelie soos wat Paulus dit verkondig in onguns te bring by die Galasiërs. Maar dit is nie net 'n isolering van Paulus af nie. Deur die Galasiërs van die evangelie soos wat Paulus dit verkondig te isoleer, gaan die valse leraars sover as om die Galasiërs van die genade van God in Jesus Christus te isoleer. Die valse leraars stel hulle manier van glo as die eksklusiewe Christelike godsdiens voor. Volgens hulle manier van glo, word jy 'n super Christen.

Die uiteinde van hierdie ywer wat die valse leraars het vir die Galasiërs is dat die Galasiërs hulle vir die valse leraars begin ywer. Die godsdiens van die valse leraars is so eksklusief dat daar nie eers plek vir Jesus Christus daarin is nie. Die leer van die valse leraars en die gemeenskap wat hulle vorm, word op die uiteinde die toetssteen waaraan alles gemeet en beoordeel word. Christus is nie die hoeksteen in so gemeenskap en leer nie.

2. Dit is goed as daar altyd geywer word in 'n goeie saak en nie alleen wanneer ek by julle teenwoordig is nie,

Die Galasiërs sou beïndruk gewees het oor die ywer waarmee die valse leraars hulle godsdiens beoefen. En indien iemand sou meen dat Paulus jaloers is omdat daar nou ander predikers by die Galasiërs gekom het van wie die Galasiër miskien meer sou hou as van hom, maak Paulus dit duidelik dat hy nie jaloers is nie.

Paulus is nie daarteen dat Christene ywerig is in iets nie. Maar dit waarvoor hulle ywer, moet tog 'n goeie saak wees. Die ywer van die valse leraars waarin hulle ook die Galasiërs begin insleep het, is ywer vir iets wat teen Christus en teen God se genade indruis. Daarom is dit 'n verkeerde ywer.

Dit is ook nie dat Paulus jaloers is omdat die Galasiërs hulle vir 'n saak beywer terwyl hy nie by hulle teenwoordig is nie. Geensins! Hy spoor hulle eintlik aan om vir 'n goeie saak te ywer selfs wanneer hy nie by hulle is nie. Die enigste goeie saak waarvoor 'n mens jou kan beywer wanneer dit by die evangelie kom, is dat Jesus Christus in alles verheerlik sal word. Dit hoor ons ook in sy woorde aan die Filippense: **Sommige preek Christus wel ook uit afguns en twis, maar ander**

ook uit welwillendheid: die eerste verkondig Christus uit naywer, nie met suiwer bedoelinge nie, met die mening om aan my boeie verdrukking toe te voeg; maar die ander uit liefde, omdat hulle weet dat ek bestem is tot die verdediging van die evangelie. Maar wat maak dit? In alle geval, op allerlei wyse, of dit onder 'n skyn of in waarheid is, word Christus verkondig; en hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly (Filippense 1:15-18 AFR53).

Dit gaan dus nie vir Paulus daaroor dat die Galasiërs ywer nie, solank hulle net ywer vir 'n goeie saak.

3. my kinders, vir wie ek weer in barensnood is totdat Christus in julle 'n gestalte verkry.

In hierdie laaste gedeelte van die sin maak Paulus sy werklike gevoelens vir die Galasiërs duidelik. Dit is die eerste en enigste keer wat Paulus hierdie woord *my kinders* of eerder *my klein kindertjies* gebruik. Hierin word die kontras tussen Paulus se houding teenoor die Galasiërs en die valse leraars se houding teenoor die Galasiërs duidelik.

Die valse leraars het inderdaad met mooi woordjies na hulle toe gekom en dit het die Galasiërs aangetrokke laat voel teenoor hulle. Maar die valse leraars beywer hulle om die Galasiërs van Paulus en van Christus afgesluit te kry, sodat hulle sal ywer vir die valse leraars en hulle valse leer. Paulus is egter soos 'n pa en 'n ma besorg oor die Galasiërs. Hy wil hulle nie afhanklik van hom maak nie. Hy wil hulle afhanklik van Jesus Christus maak.

As gevolg van hulle weggly van Christus af in die wettiese godsdiens van die valse leraars in, verkeer Paulus van vooraf in geboortepyne. Met groot sorg en harde werk het Paulus die evangelie die eerste keer aan die Galasiërs verkondig, sodat hulle tot geloof in Jesus Christus kon kom. Nou beleef hy weer geboortepyne, nie sodat hulle in Jesus Christus moet glo nie – hulle glo reeds in Jesus Christus – maar sodat Christus Jesus in hulle gestalte sal kry.

Wat sou dit beteken? Dit beteken dat Christus in elke liewe Christen se lewe gevorm sal word. Dit is om gelykvormig te word aan Christus. **En ons weet dat vir**

hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders (Romeine 8:28-29 AFR53).

Paulus werp alles in – daar is vir hom niks belangriker as dit nie – dat die Galasiërs gelykvormig aan Christus sal wees. Hy het vroeër gesê dat die Galasiërs soos hy moet word, want hy het soos een van hulle geword. In Galasiërs 2 het hy gesê dat dit nie meer hy is wat lewe nie, maar Christus wat in hom lewe (Gal 2:20). Deur die genadige werk van die Heilige Gees het Christus al grootliks gestalte in Paulus gekry. Hy verlang dat dit ook met die Galasiërs sal gebeur.

In 2 Korintiërs 3 hoor ons hoe ons aan Christus gelykvormig kan word: **En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is (2 Korintiërs 3:18 AFR53).**

Die Heilige Gees rig juis ons gedagtes na Christus toe, sodat ons sy heerlijkheid kan aanskou. En dit is deur die aanskouing van Christus se heerlijkheid dat die Heilige Gees ons al meer en meer van gedaante laat verander na die beeld van Christus toe.

4. En ek sou wens om nou by julle teenwoordig te wees en my stem te verander, want ek is buite raad met julle.

Paulus wens dit was nie nodig dat hy op 'n afstand deur middel van 'n brief hierdie dinge vir die Galasiërs moes sê nie. Daarom wens hy dat hy eerder by hulle teenwoordig kon wees. Hy is regtig diep besorg oor hulle. En hy sou baie graag met 'n ander stem met hulle wil praat as wat dit nou nodig is om te doen. In hierdie brief het hy baie dinge ferm en skerp gesê. Hy het dit so gedoen, nie om die Galasiërs te verdryf of af te skrik nie, maar omdat dit vir hom regtig belangrik is dat hulle by Jesus Christus sal bly en nie van Hom af wegdryf en nog erger hartseer beleef nie.

Paulus spreek hierdie wens uit, want hy weet nie wat anders om te doen nie.

Tydens sy besoeke aan die Galasiërs het hy alles gedoen wat hy moes, sodat hulle tot geloof in Jesus Christus kon kom. Nou dat dit nodig geword het om die Galasiërs ernstig aan te spreek oor hulle verval, het hy alles gedoen wat hy kon. Hy het verduidelik waar hy die evangelie vandaan gekry het. Hy het uitgespel hoe dit gekom het dat hy 'n apostel van Jesus Christus is. Hy het weer vir hulle daarop gewys dat Jesus Christus die enigste en volmaakte Verlosser en watter doel die wet eintlik dien. Hy weet regtig nie wat anders om te doen nie behalwe om te wens om by hulle te wees sodat hy op 'n ander manier met hulle kan praat as dit sal help.

In hierdie gedeelte het die Here ons onderrig oor hoe die gemeente en die bedienaar van die Woord se houdings teenoor mekaar behoort te wees.

- Die gemeente se houding teenoor die leraar:
 - Hulle houding teenoor hom moet nie deur sy uiterlike voorkoms of persoonlikheid bepaal word nie.
 - Hulle houding teenoor hom moet nie deur hulle eie teologiese sienings bepaal word nie.
 - Hulle houding teenoor hom moet bepaal word deur sy getrouheid aan die apostoliese boodskap in die Bybel.

- Die leraar se houding teenoor die gemeente:
 - Hy moet gewillig wees om te dien en op te offer vir die gemeente.
 - Hy moet die Bybelse waarheid verkondig.
 - Hy moet die gemeente opreg liefhê, maar hy mag niks uit selfsug doen nie.
 - Hy moet begeer om nie net opgewondenheid by die gemeente sien nie, maar regte ywer vir die goeie.
 - Hy moet begeer dat Jesus in die gemeente gestalte kry en nie hyself in hulle nie.

Galasiërs 4:21-31

Isak en Ismael

21 Julle wat onder die wet wil wees, sê vir my, luister julle nie na die wet nie? 22 Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. 23 Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte.

24 Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar—dit is Hagar; 25 want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny. 26 Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal. 27 Want daar is geskrywe: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het.

28 Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte; 29 maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, so is dit nou ook. 30 Maar wat sê die Skrif? Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie. 31 Daarom, broeders, ons is nie kinders van die slavin nie, maar van die vrye..

Inleidend

.Nadat Paulus sy persoonlike besorgdheid oor die Galasiërs aan hulle bekend gemaak het en gewys het op die verskil tussen sy gesindheid teenoor hulle en die valse leraars se gesindheid teenoor hulle, sluit hy af met die leer oor die evangelie van vryheid.

Van Galasiërs 3 af is die werke van die wet en geloof in Christus teenoor mekaar gestel. Telkens het Paulus daarop gewys dat die werke van die wet nie 'n manier is om regverdiging by God te kry nie. Die enigste manier waarop 'n mens regverdiging by God kan kry is deur middel van die geloof in Jesus Christus. Hierdie kontras tussen wet en genade word nou afgesluit met 'n allegorie.

In Galasiërs 4:21-31 word daar baie kennis van die Ou Testament veronderstel. Hier

word verwys na Abraham, Sara, Hagar, Ismael en Isak asook na die berg Sinai en Jerusalem. Die wyse waarop Paulus hierdie saak afsluit, herinner aan die tipiese onderrigmetode in 'n rabbynse skool. Die afleiding wat 'n mens hieruit kan maak, is dat Paulus hierdie gedeelte in besonder vir die Joodse Christene en vir die valse leraars bedoel wat bekend sou wees met hierdie soort van onderrig. Tog bied Paulus dit so aan dat dit ook vir ander verstaanbaar is.

Hierdie gedeelte is immers vir almal bedoel wat onder 'n wet of wetties wil lewe. Die slot argument val in drie dele uiteen. Eers is daar 'n historiese gedeelte (4:22-23) waarin Paulus die lesers herinner dat Abraham twee seuns gehad het – een by 'n slavin en een by 'n vrygeborene. Die tweede gedeelte (4:24-27) is allegories – hier word die twee seuns en hulle moeders geteken om twee verskillende soorte godsdienste voor te stel. Die een stel 'n wettiese godsdiens voor wat eintlik slawerny is en die tweede stel 'n godsdiens van vryheid voor. Die argument word dan afgesluit met 'n persoonlike gedeelte (4:28-31) waar hy die allegorie toepas op die mense in Galasië.

Die oproep vir hulle wat onder die wet is – vers 21

1. Julle wat onder die wet wil wees, sê vir my, luister julle nie na die wet nie?

Paulus spreek hier die valse leraars en diegene in Galasië wat agter die valse leraars afvallig geword het direk aan. Die woorde is egter ook bedoel vir elkeen wat sekere reëls wil nakom as 'n manier om God se goeie boekies te kom. Daar is selfs Christene wat die evangelie soos 'n wet hanteer. Hulle veronderstel dat hulle verhouding met God afhanklik is van 'n streng nakoming van regulasies, tradisies en seremonies.

Die valse leraars het daarop geroem dat hulle onder die wet lewe. Hulle wil onder die wet wees. Nou wil Paulus weet of hulle regtig verstaan wat die wet vir hulle sê. En wanneer Paulus verder gaan, gebruik hy 'n *argumentum ad hominem*. Dit is, hy argumenteer met hulle op hulle eie gronde – op die wyse waarop hulleself gewoonlik die wet hanteer – hulle het die wet allegories verklaar. Wanneer Paulus hier van die wet praat, bedoel hy nie net die Tien Geboie nie, maar al vyf die eerste boeke van die Ou Testament.

Allegorie as 'n metode om die Skrif te verklaar was alom bekend onder die rabbyne. Hierdie manier van Skrifverklaring het die kerk vir baie eeue oorheers tot en met die Reformasie. Gereformeerde Skrifverklaring is grammaties histories. Dit wil sê, daar word geluister na wat die Here gesê het in die taal waarin dit opgeteken is en die historiese konteks in die wêreldgeskiedenis sowel as in God se openbaringsgeskiedenis word in ag geneem tydens die verklaring. Met allegorie kan 'n mens egter enigiets bewys, dit hang maar net af watter betekenis jy aan watter gebeure of persone of woorde heg. Byvoorbeeld, die Jode het gesê dat as daar geskryf staan *Abraham, Abraham* beteken dit dat Abraham 'n lewe na hierdie lewe sal geniet. Selfs aan die letters van die Hebreeuse alfabet is numeriese waardes toegeken en met al hierdie getalle is daar 'n oneindige hoeveelheid dinge al bewys.

Ons hanteer die Skrif nie allegories nie tensy die Heilige Gees self vir ons daartoe lei. En hierdie perikoop is die enigste plek in die hele Bybel waar die Heilige Gees ons tot 'n allegoriese verklaring lei omdat die valse leraars dit as 'n geldige verklaringsmetode gebruik het.

David Guzik gee 'n duidelike uiteensetting oor hoekom mense graag onder die wet wil wees. Diegene wat graag onder die wet wil wees, sal vir jou voordele kan opnoem. Eerstens, jy het altyd 'n vasgestelde lys reëls. Tweedens, jy kan jouself op die skouer klop omdat jy die reëls beter nakom as ander mense. En derdens, jy kan die eer kry vir jou eie verlossing, want jy het dit verdien deur die nakoming van die reëls.

Onder die wet is dit jou daad wat jou in die regte verhouding met God bring. Onder die genade is dit egter wat God in Christus vir ons gedoen het wat ons in die regte verhouding met God bring. Onder die wet fokus die mens op sy eie prestasie. Onder die genade is 'n mens se fokus op wie Jesus is en wat Hy gedoen het. Onder die wet vind die mens vyeblare om sy naaktheid te bedek. Onder die genade word die mens bekleed met Christus en sy volmaakte werk.

Historiese agtergrond – verse 22 en 23

1. Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die

slavin en een uit die vrye.

Die Jode het graag daarop geroem dat hulle die nageslag van Abraham was. Vir hulle was Abraham die sleutel tot die gemeenskap met God en ook die toetssteen of iemand regtig mag deel hê aan die genade van God.

Abraham is inderdaad 'n belangrike persoon in die openbaringsgeskiedenis van God. Na die deurmekaar wêreld na die sondeval en veral na die sondvloed is Abraham die eerste mens aan wie God Homself weer persoonlik geopenbaar het. Dit is aan Abraham wat die Here die belofte maak om die land Kanaän te gee en 'n nageslag wat so baie is soos die sterre aan die hemel. Dit is met Abraham wat God die verbond gesluit het – met hom en sy nageslag. En dit was as gevolg van hierdie afstamming van Abraham af dat die Jode oor die algemeen die siening gehad het dat hulle vir ewig veilig en geborge is. Hulle is mos die nageslag van Abraham, daarom sal daar niks slegs met hulle gebeur nie.

Dit was oor hierdie gesindheid van die Jode dat Johannes die Doper dit baie reguit aan die Jode gestel het: **En moenie dink om by julleself te sê: ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek** (Matteus 3:9 AFR53).

Jesus het soortgelyk vir die Jode gesê in een van sy gesprekke met hulle: **En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak. Hulle antwoord Hom: Ons is die geslag van Abraham en het nog nooit vir iemand slawediens verrig nie; hoe sê U dan: Julle sal vry word?**

Jesus antwoord hulle: **Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is. En die dienskneg bly nie vir altyd in die huis nie; die seun bly vir altyd. As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees. Ek weet dat julle die geslag van Abraham is; maar julle probeer om My om die lewe te bring, omdat my woord geen ingang in julle vind nie. Ek spreek van wat Ek by my Vader gesien het, en julle doen ook wat julle by jul vader gesien het.**

Hulle antwoord en sê vir Hom: **Ons vader is Abraham.**

Jesus sê vir hulle: **As julle die kinders van Abraham was, sou julle die werke**

van Abraham doen; maar nou probeer julle om My om die lewe te bring, iemand wat aan julle die waarheid vertel het, wat Ek van God gehoor het. Dit het Abraham nie gedoen nie. Julle doen die werke van jul vader.

Toe sê hulle vir Hom: Ons is nie uit ontug gebore nie; ons het een Vader, naamlik God.

En Jesus sê vir hulle: As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur. Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie. Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan (Johannes 8:31-44 AFR53).

Reeds in Galasiërs 3 het Paulus al begin om uit te brei op hierdie woorde van Johannes die Doper en van Jesus. Dit gaan nie in die eerste plek of 'n mens fisies van Abraham afstam nie, maar of 'n mens geestelik van hom afstam. Die toetssteen is nie 'n geslagsregister wat tot by Abraham strek nie, maar of 'n mens glo soos wat Abraham geglo het. Die belofte wat aan Abraham gemaak is, is nie net vir die Jode bedoel nie, maar vir Jode en heidene wat in Christus Jesus is (Gal 3:14). Galasiërs 3 is afgesluit met hierdie woorde: **En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename** (Galasiërs 3:29 AFR53). Net die mense wat aan Christus behoort kan daarop aanspraak maak dat hulle van Abraham afstam.

Op dieselfde manier as wat die valse leraars en die ander Jode met die Skrif omgaan, stel Paulus die historiese feit vir die Galasiërs. Abraham het twee seuns gehad – Ismael en Isak. Albei het vir Abraham as vader, maar daar is twee baie duidelike verskille tussen die twee seuns.

Die eerste verskil is dat die twee seuns verskillende moeders gehad het. Die een se ma was 'n slavin en die ander een se ma was 'n vrye – vrygeborene. Ismael se ma is Hagar die slavin van Abraham wat hy by die farao gekry het in Egipte. Isak se ma was Sara die vrygebore vrou met wie Abraham eerste getroud was. Dit gaan dus

nie net daarvoor of jy van Abraham afstam nie, maar wie jou ma is wat vir Abraham 'n seun in die wêreld gebring het.

2. Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte.

Die tweede verskil tussen die twee seuns van Abraham is dat die een na die vlees gebore is en die ander een deur die belofte. Die twee seuns het op verskillende maniere in die wêreld gekom.

Ismael wat uit die slavin Hagar gebore is, is na die vlees gebore. En Isak wat uit die vrygebore Sara gebore is, is ooreenkomstig die belofte gebore. Dit is in Genesis 15 waar ons lees dat die Here aan Abraham die belofte maak dat nie Eliëser die erfgenaam van Abraham sal wees nie, maar sy eie nasaat sal sy erfgenaam wees (Gen 15:4). Hierop het die Here vir Abraham na buite gelei en hom die sterre aan die hemel gewys en gesê dat sy nageslag so baie sal wees. Abraham het die Here geglo en die Here het hom dit tot geregtigheid gereken (Gen 15:5-6). Abraham was in hierdie stadium om en by ses en tagtig jaar oud en Sara vyf en sewentig jaar en steeds onvrugbaar.

Kort hierna het Sara 'n plan beraam sodat daar 'n nasaat vir Abraham sal wees. Sy het haar slavin Hagar as vrou aan Abraham gegee, sodat hy by haar 'n kind kan verwek wat as Sara se seun sou kon groot word. Hagar het swanger geword, maar toe sy agterkom dat sy swanger is, het sy vir Sara as haar eienares verag. En uit Hagar is Ismael gebore na die vlees.

Na die vlees beteken hier dat Ismael se geboorte die gevolg daarvan is dat Abraham en Sara die belofte van die Here op hulle eie manier waar wou laat word het. Hulle het self met hulle eie prestasies gereken om te verkry wat die Here deur 'n belofte aan hulle toegesê het. Die uiteinde ken ons. Ismael was nie die een met wie die Here die verbond wou voortsit nie.

Toe Abraham honderd jaar oud was en Sara negentig en steeds bekend was as die onvrugbare het die Here Sara laat swanger word deur Abraham. Die Here alleen maak sy beloftes werklikheid. Abraham en Sara was albei al baie oud. Sara was

verby die ouderdom om kinders in die wêreld te bring. Boonop was Sara nog al die jare onvrugbaar. Maar as die Here 'n belofte gemaak het, sorg Hy self dat daardie belofte 'n werklikheid word. Daarom staan Isak bekend as die seun wat deur die belofte gebore is.

Dit is op grond van hierdie twee verskille tussen die twee seuns van Abraham dat Paulus met 'n allegorie die verskil tussen werke van die wet en die regverdiging deur middel van die geloof nog 'n keer gaan uitlig.

Die allegorie – verse 24 tot 27

- 1. Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar – dit is Hagar; want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny.**

Nadat Paulus die historiese feite gegee het, gaan hy nou verder om die historiese feite te interpreteer soos wat dit vir die Jode aanvaarbaar was – op 'n allegoriese wyse. Vir die geldigheid van so 'n verklaringsmetode sien p. 169 hierbo. Die Heilige Gees het egter vir Paulus gelei om hierdie allegorie te skryf om die dwaas met sy eie dwaasheid te antwoord – die valse leraars moet self sien hoe die dinge staan ooreenkomstig hulle manier van verklaring.

Die twee vroue van Abraham, die twee moeders van die twee seuns van Abraham staan vir twee verbonde. Dit is die twee testamente wat in ons Bybel is – die Ou en die Nuwe Testament. Om die Bybel te verstaan moet 'n mens die twee Testamente of verbonde begryp. Verbond in hierdie sin beteken die plegtige ooreenkoms wat God met die mens gesluit het waarin Hy belowe het om die mens se God te wees.

Daar word nou eers oor die een verbond gehandel wat verbind word met die seun wat uit die slavin gebore is. Dit is die verbond van die berg Sinai en bring kinders vir slawerny in die wêreld, soos wat Hagar slawe kinders in die wêreld ingebring het. Ismael het in wese 'n slaaf gebly. Hagar staan vir die berg Sinai wat in Arabië is.

Hagar het twee maal na Arabië toe gevlug – die eerste keer toe sy van Sara af

weggeloop het en die tweede keer toe Abraham haar weggestuur het. Die nageslag van Ismael is die Arabiese stamme. John MacArthur wys daarop dat Sinai buite die beloofde land is, want dit is in Arabië. Ismael is uitgesluit van die beloftes wat die Here aan Isak gemaak het. Daarom is nageslag ook nie by die beloftes ingesluit nie. So bly dit vir elkeen wat nie aan Jesus Christus as die enigste Verlosser vasgryp nie.

Sommige kommentare stel dit asof die verbond by Sinai bedoel was om in slawerny uit te loop (John MacArthur sowel as John Stott). My verstaan van Eksodus 19 en 20 is nie dieselfde nie. Die Here het nie bedoel dat die mens deur middel van die Tien Gebooie sy verlossing moet verdien nie. Die Here het sy volk immers klaar verlos en toe vir hulle sy wet gegee. Hy het die wet gegee as 'n lewenstyl van mense wat verlos is en in verhouding met Hom lewe.

Natuurlik is daar 'n hoë premie geplaas op die gehoorsaamheid aan die wet. Wie volgens die wet bly lewe sal in die lewe bly – hy sal in die verhouding met die Here bly wat tog die lewe is. Wanneer 'n mens egter die wet verontagsaam en nie meer doen, is jy besig om die verhouding met die Here te verbreek en wil jy Hom nie meer as jou God erken en dien nie. Dan sal dit vir jou op die einde die dood beteken.

Verder nog dit, aangesien daar 'n hoë premie op gehoorsaamheid aan die wet geplaas is en die mens van nature 'n sondaar is, het die Heilige Gees deur middel van die wet die mens se oë oopgemaak. Dit was ook die bedoeling van die Here met die wet. Die mens moes mettertyd agterkom dat hy nie self in staat is om aan die wet gehoorsaam te bly nie. En deur hierdie frustrasie wat veroorsaak word deur die mens se onvermoë om die wet te gehoorsaam, beleef die mens die wet as 'n tronk en 'n tugmeester, sodat mens na iets beter moet uitsien. Hierdie iets beter waarna die mens moet uitsien, het die Here in fragmente in die Ou Testament belowe – dit is die koms van sy Seun Jesus Christus (vgl. Gal 3:22-4:7).

Wanneer Paulus dan hier sê dat die verbond van Sinai en die seun wat uit die slavin gebore is en kinders vir die slawerny voortbring, verklaar hy dit soos wat die Jode met die wet gemaak het en nie wat die Here met die wet bedoel het nie. Dit was immers sy argument van Galasiërs 3:1 af toe hy begin het om die wet en die geloof

teenoor mekaar te stel. En wanneer hy dan die verbond wat deur Hagar, Sinai en Ismael voorgestel word in verband bring met die aardse Jerusalem van sy tyd word dit juis duidelik dat hy met die slawerny bedoel dit wat die Joodse leiers van die wet gemaak het. Die gehoorsaamheid aan die wet is vir hulle die wyse om God se guns en aanvaarding te wen.

Om die gehoorsaamheid aan die wet te sien as 'n manier om regverdiging by God te kry, is soos om op 'n trapmeul te loop. Jy loop en loop en loop maar kom nie verder as waar jy was toe jy begin het nie. 'n Slaaf werk en werk en werk en daar kom nooit 'n einde aan die werk nie, want hy kan homself nie in vryheid in werk nie.

2. Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal. Want daar is geskrywe: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het.

Die ander Jerusalem waarvan Paulus praat, is die hemelse Jerusalem. En die Jerusalem word deur Sara die vrygeborene voorgestel en deur Isak wat as 'n vrye gebore is kragtens die belofte van God. Sara, Isak en die hemelse Jerusalem is nie gebind aan die wet nie. Hulle is vry. Hulle is vry, nie om die verkeerde te doen nie, maar vry om die regte ding te doen.

En hierdie Jerusalem uit die hemel is die moeder van al die Christene. Wanneer 'n mens nog nie 'n Christen is nie, is hy 'n gevangene van sy eie sonde en sondige geaardheid. Hy het nie die vryheid om te doen wat reg is nie, want sy sondige geaardheid verhinder hom. Dit is eers wanneer iemand deur Christus vrygemaak is van sy sonde dat hy in staat is om te doen wat reg is.

Al die Christene is kinders en burgers van die hemelse Jerusalem kragtens die belofte van God wat Hy aan Abraham gemaak het (Gal 3:29). En dan haal Paulus Jesaja 54:1 aan. Die woorde in Jesaja is aanvanklik woorde aan Israel wat uit die ballingskap na die beloofde land teruggekeer het. Hier pas Paulus die woorde toe op Sara.

Sy het vir baie lank nie kinders kon hê nie, want sy was onvrugbaar. Maar toe die

Here eers haar skoot oopgemaak het soos wat Hy belowe het, het die haar kinders begin kom en dit het nog nooit opgehou nie. Haar kinders is almal wat kragtens die belofte van God gebore word – dit is die Christene. Die mense wat in slawerny verkeer onder die ou verbond is baie. Maar die kinders van die vrygeborene is baie meer, sê die Here. En hulle is almal burgers van die hemelse Jerusalem waar Christus hulle plek gereedmaak en verseker.

Die punt van die allegorie is dan dit: dat 'n mens van Abraham af stam is belangrik, maar dit is nie die heel belangrikste nie. Dit is belangriker om te weet van watter ma jy afstam – van Hagar of van Sara, van die slaaf of van die vrye. Dit gaan immers jou ingesteldheid bepaal – jy gaan of die ingesteldheid van Ismael hê wat met sy eie werke homself aanvaar wil maak by die Here, of jy gaan die ingesteldheid van Isak hê wat weet dat jy net deur Christus aanvaarbaar is vir God kragtens sy belofte.

Die persoonlike toepassing – verse 28 tot 31

1. Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte;

Sonder 'n omhaal van baie woorde stel Paulus dit duidelik dat die Christene soos Isak is – hulle is kinders van die belofte. In die woord *ons* word die Joodse Christene sowel as die Christene uit die heidene ingesluit. Daar is nie 'n onderskeid nie (vgl. Gal 3:28).

Isak het in die wêreld gekom slegs op grond van die belofte van God aan Abraham en Sara. Toe Isak gebore is, was Abraham en Sara reeds te oud om kinders op 'n natuurlike manier te hê. In Romeine 4 stel Paulus dit nog sterker: **En sonder om te verswak in die geloof het hy, al was hy omtrent honderd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie** (Romeine 4:19 AFR53).

Christene – Joodse Christene sowel as Christene uit die heidene – is net soos Isak kragtens die belofte van God kinders van God. Alle Christene uit alle volke is kinders van kragtens die belofte wat die Here aan Abraham gemaak toe Hy hom uit Ur van die Chaldeërs geroep het. Paulus het dit reeds aangetoon in Galasiërs 3: **En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou**

regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke geseën word (Galasiërs 3:8 AFR53).

Die gevolg van hierdie belofte is dat die heidene ook deur die geloof in Jesus Christus deel kry aan die seën van Abraham en dat hulle die belofte van die Gees deur die geloof ontvang (Gal 3:14). En aangesien hulle deur die geloof aan Christus behoort, is hulle kinders van Abraham – geestelike kinders van Abraham – en kragtens die belofte ook erfgename (Gal 3:29).

Aangesien Christene soos Isak kragtens die belofte kinders van Abraham is, volg dit dat die Christene dieselfde belewenis as Isak sal hê. Daar is drie dinge wat Christene ondervind wat Isak ook onder vind het. Dit is vervolging (vers 29), erfenis (vers 30) en 'n verpligting (vers 31).

2. maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, so is dit nou ook.

Paulus verwys hier na die gebeure toe Abraham 'n fees gehou het toe Isak gespeen is. Ons lees daarvan in Genesis 21: **En die kind het opgegroeï en is gespeen. En Abraham het 'n groot maaltyd berei op die dag toe Isak gespeen is. Toe sien Sara hoe die seun van Hagar, die Egiptiese slavin, wat sy vir Abraham gebaar het, spot** (Genesis 21:8-9 AFR53).

Oppervlakkig lyk dit of Ismael net met Isak gespeel het. Maar dan moet ons onthou dat Ismael veertien jaar ouer as Isak was. En die wyse waarop hy met Isak gespeel het, was vir Sara duidelik – dit is nie net speel nie, Ismael is daarop uit om vir Isak te verkleineer (spot) en dus te boelie.

Die Heilige Gees maak dit duidelik dat hierdie gespot die begin van vervolging is. En Paulus trek die lyn deur tot by die omstandighede waarin die Christene van Galasië verkeer het. Die Christene is soos Isak kinders van God kragtens die belofte en hulle word deur die Gees van God beheers. Die valse leraars en almal wat hulle aangehang het, is soos Ismael – mense wat op hulle natuurlik menslike wyse hulle regverdiging voor God wil verdien met allerhande dinge wat hulle moet doen.

Dit wat Ismael met Isak gedoen het – spot wat lei tot vervolging – is presies wat die valse leraars en die Jode met die Christene doen. Die teenkating wat die Christene in Galasië ondervind, moet nie as 'n verrassing kom nie. Dit is hoe dit nog altyd was. Hulle wat wetties en met menslike pogings die regverdiging van God probeer wen, sal altyd die wat uit die geloof in God se beloftes lewe, vervolgd.

In die geskiedenis van die kerk oor die eeue heen sien 'n mens dit duidelik raak. Dit was die kerkleiers van destyds wat Jesus vervolgd het. Dit was die Jode wat eerste die Christene vervolgd het. Dit was eers later dat die wêreldse owerhede ook by hierdie vervolging ingeval het.

Gedurende die laat middeleeue was dit die Roomse kerk wat die Christene wat wou terugkeer na die Woord van God vervolgd het. Die wêreldse owerhede is deur die Roomse Kerk gebruik het by die vervolging deur die Roomse Kerk ingeval. David Guzik haal die volgende woorde van Luther aan:

People blame us and the Gospel for everything, for the disobedience of subjects to their rulers, for wars, plagues, and famines, for revolutions, and every other evil that can be imagined. No wonder our opponents think they are doing God a favor by hating and persecuting us. Ismael will persecute Isaac.

Diegene wat uit die beloftes van God lewe, sal altyd deur die half broers vervolgd word. Die vervolging kom in die meeste gevalle nie eerste uit die oord van die goddelose heidene nie, Inteendeel, dit is hulle wat eerder op aanhoor van die evangelie hulle hoofde in skaamte voor die Here buig. Die vervolging begin in die meeste gevalle by die mense wat in die kerk is, maar wat steeds hulle regverdiging self voor God wil verdien.

3. Maar wat sê die Skrif? Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie.

Die tweede gevolg om soos Isak kragtens die belofte 'n kind van God te wees, hou verband met die erfenis. Toe Sara Ismael se houding teenoor Isak gewaar het, het sy dadelik vir Abraham gesê: **Jaag hierdie slavin en haar seun weg, want die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Isak erwe nie** (Genesis

21:10 AFR53).

Alhoewel Abraham eers teësinig was om wel vir Hagar en Ismael weg te jaag, het hy dit op die uiteinde gedoen omdat God so gesê het (Gen 21:12). Die Jode het altyd hierdie woorde in Genesis 21 verstaan dat God die heidene verwerp het. Paulus wys egter daarop dat hierdie nie die verwerping van die heidene is nie, maar die verwerping van hulle wat op hulle eie prestasies steun om die regverdiging by God te verkry. JB Lightfoot het dit soos volg gestel:

The apostle thus confidently sounds the death-knell of Judaism at a time when one-half of Christendom clung to the Mosaic law with a jealous affection little short of frenzy, and while the Judaic party seemed to be growing in influence, and was strong enough, even in the Gentile churches of his own founding, to undermine his influence and endanger his life (soos aangehaal deur David Guzik).

En wat hierdie doodskoot vir die valse leraars besonders maak, is die feit dat die Heilige Gees vir Paulus gelei het om die verklaring van Genesis 16 en 21 te doen op die allegoriese wyse – die aanvaarbare verklaringsmetode van die valse leraars en die Jode van destyds.

Die dubbele deel wat die mense ontvang wat kragtens die belofte deur die geloof in Christus kinders van God is, is dat hulle in hierdie lewe vervolgt word deur die wat op eie prestasies staat maak en dat hulle uiteindelik uit die hand van God self die volle erfenis ontvang terwyl die wat op eie prestasies staat gemaak het niks erf nie.

4. Daarom, broeders, ons is nie kinders van die slavin nie, maar van die vrye.

Die laaste woorde in hierdie gedeelte is inderdaad 'n gevolgtrekking. Christene is nie kinders van die slavin nie. Ware Christene probeer nie met hulle eie prestasies die regverdiging van God verdien nie. Hulle besef wat die wet se funksie is – dit is om die mens na Christus te dryf omdat die Heilige Gees die mens oortuig dat hy, aan die een kant, skuldig staan voor God ten opsigte van die hele wet, en, aan die ander kant, dat hy nooit van nature in staat is om die wet volmaak te gehoorsaam nie.

Die wet is daarom nie 'n klomp reëls waaraan 'n mens slaafs moet voldoen – wat in

elk geval nie kan gebeur nie – om die guns van die Here te wen nie. Dit is ook nie waarvoor die Here sy wet in die eerste plek gegee het nie. Die wet is daarom nie 'n mag, soos die tugmeester, wat die mens oordonder en jou regeer nie. As gevolg van die vryheid wat die Christen besit kragtens die geloof in Jesus Christus, is die wet nou weer waar dit hoort en waarvoor God dit gegee het – 'n riglyn vir die lewe van mense wat verlos is en in 'n hegte en intieme verhouding met die Here lewe.

Die wet kan vir die Christen hierdie funksie vervul omdat Christus die wet volmaak gehoorsaam het en die prys op die skuld teen die wet ten volle betaal het. Gelei deur die Heilige Gees maak die Christen staat op die volmaakte en voltooidde werk van Christus. Daarom is hy vry van die oorheersing van die wet om nou die wet na te volg as teken van sy dankbaarheid teenoor God vir die vryheid.

Hierdie gevolgtrekking lui dan ook die volgende deel van brief in. Omdat die Christene kinders van die vrygeborene is, het hulle die verantwoordelikheid om in die vryheid vas te staan.